# GEREFORMEERDE LAERSKOOL DIRK POSTMA: GEDRAGSKODE

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma streef daarna om verbondskinders in die lig van God se Woord op te voed om as gelowige kinders van God, Sy lig, te midde van 'n sondige wêreld te laat skyn. Om dié doel te bereik, is daar sekere beginsels en eise in die Skrif neergelê om vir elke kind 'n veilige, gelukkige en geborge ruimte te skep waarbinne die kind kan ontwikkel, volgens die kind se Godgegewe gawes. As leerders, ouers en opvoeders staan ons hierin saam voor ons Hemelse Vader om hierdie groot taak tot eer en verheerliking van Sy Naam te volbring.

## DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

**Die skool streef die volgende ideale ten opsigte van dissipline na:**

1. Lei die leerders liefdevol tot die aanvaarding van gesag, aangesien alle gesag van die Here afkomstig is.
2. Skep 'n ordelike skoolmilieu, waarbinne gereformeerde onderrig en opvoeding maksimaal kan realiseer.
3. Moedig die leerders aan tot konstruktiewe samewerking in die opvoedingsgebeure.
4. Voorkom en hanteer wangedrag volgens Bybelse beginsels.

## VERWAGTING VAN LEERDERS

**Elke leerder verbind hom / haar tot die volgende:**

1. om in alles wat die leerder doen of sê, die eer aan God te gee.
2. om in alle doen en late, die inhoud van die Heilige Skrif, soos bely in die drie Formuliere van Eenheid te handhaaf en daadwerklik uit te leef.
3. om deurgaans die Bybel as Woord van God te respekteer en die lewe en werk op skool en by die huis, daarvolgens in te rig.
4. om deurgaans alle personeel en mede-leerders met liefde en respek te behandel, ooreenkomstig die eis van God se Woord.
5. om met liefde en gehoorsaamheid aan die Woord van God, eerbied en respek aan ouers, die personeel en ander persone wat as gesagsdraers oor hulle aangestel is, te betoon.
6. om skoolwerk, huiswerk en alle ander opdragte pligsgetrou en noukeurig uit te voer.
7. om, waar moontlik, aan soveel as moontlik skoolaktiwiteite deel te neem tot voordeel van die leerder se vorming en opvoeding, tot voordeel van ander leerders en die skool as geheel.
8. om alle skoolreëls getrou na te kom.

9. om te alle tye die goeie naam van die skool hoog te hou en nie die GSDP-Bestuur, personeel, ouers en ander leerders in die skande te steek nie.
10. om in voorkoms van liggaam, sowel as kleredrag, netjies te wees.
11. om na sy / haar persoonlike besittings (skooldrag, skooltas, skryfbehoeftes, ensovoorts) om te sien. GSDP neem geen verantwoordelikheid vir skade aan of verlies van laasgenoemde nie en niemand kan GSDP daarvoor aanspreeklik hou nie.

# SKOOLREëLS

**OPENING EN ANDER BYEENKOMSTE IN DIE KERKGEBOU**

1. Die leerders gaan, volgens graadgroep, die kerkgebou binne.
2. Algehele stilte heers tydens die opening.
3. Tasse in die kerkgebou is ontoelaatbaar.
4. Die eet van kos of lekkergoed in die kerkgebou is ontoelaatbaar.
5. Neem Psalmboeke tydens elke opening saam. (Gr 1-leerders neem Psalmboek vanaf kwartaal 3 skool toe.)
6. Leerders besoek voor die opening die kleedkamers.

**GEDRAG TYDENS KLASTYD**

Die volgende is tydens klastyd verbode:

1. opsetlike en slordige werk in skrifte
2. aanhoudende geselsery, uitskree of onnodige lawaai
3. rondloop binne of buite die klas, sonder die nodige toestemming
4. huiswerk wat nie gedoen is nie
5. vergeet van boeke
6. afskryf van ander leerders se werk
7. afkyk gedurende eksamen of toetse
8. mors in klaskamers
9. rondstuur van briefies
10. sonder rede laat wees
11. enige opsetlike vorm van klasontwrigting
12. eet sonder toestemming
13. versuim om briewe of ander inligting aan ouers te gee
14. opsetlike of bewustelike verskaf van vals inligting
15. oortreding van klasreëls (soos voorgeskryf)
16. enige gebruik van selfone
17. kou van kougom

**POUSE**

1. Die gr 1- en gr 2-leerders het voor elke pouse, in hul klas "kossietyd".
2. Die gr 3- tot gr 7-leerders eet tydens pouse op die terrein hul verversings.
3. Gooi skille, afval en papiere in asblikke.

**Tydens pouse is die volgende plekke verbode:**

- klaskamers
- naby of tussen die motors
- agter die klaskamers
- die fietsloods

5. Die leerders speel op die terrein vir hulle toegewys.
6. Leerder mag nie speletjies speel wat vir ander leerder 'n gevaar inhou of wat ander kan seermaak nie. Voorwerpe wat ander leerder kan seermaak (stokke, klippe, messe, harde balle, speelgoedgewere, ensovoorts) is verbode.
7. Indien daar gedurende pouse 'n probleem opduik, moet die leerders die personeellid op terreindiens of die gr 7-leiers raadpleeg.
8. Die leerders plaas hul tasse aan die begin van pouse voor die klaskamer waar hulle na pouse sal wees. Plaas die tasse netjies, in 'n ry teen die muur.
9. Niemand mag oor enige muur of heining klim nie.
11. Boeke in die sluitkassies word tydens pouse vir die periodes na pouse uitgehaal of omgeruil.

**VERLAAT VAN DIE SKOOLTERREIN**

1. Leerders mag slegs die skoolterrein met die nodige toestemming van die hoofde verlaat. Ouers is VERPLIG om kind(ers) by die laerskoolkantoor (gedurende skoolure) uit te teken.
2. Leerders mag nie gedurende skooltyd huis of winkels toe gaan nie.
3. Leerders mag nie 'n bal wat oor die heining gaan, gaan haal nie.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

1. Handhaaf goeie gedrag tydens buitemuurse aktiwiteite.
2. Ouers moet skriftelik of op die betrokke Whatsapp-groep verskoning maak, indien 'n leerder nie 'n aktiwiteit of wedstryd kan bywoon nie.
3. Die leerders is vir hul eie besittings verantwoordelik.
4. Slegs voorgeskrewe sport- of skooldrag is toelaatbaar.
5. Leerder moet stiptelik wees.
6. Leerder mag nie van 'n skeidsregter of baanbeampte op 'n sportveld verskil nie.
7. Bespreek probleme met die skeidsregter.
8. Beoefen goeie sportmangees.
9. Vermy ongewenste opmerkings teenoor spelers en beamptes.
10. Sorg dat die terrein netjies is wanneer die leerders dit verlaat.

**GEBOUE, TERREIN EN SKOOLEIENDOM**

1. Beskadiging van plante, meubels of enige skooleiendom is ontoelaatbaar.
2. Hou die terrein netjies en skoon.
3. Moenie in die blombeddings loop of speel nie.
4. Leerders wat vensters beskadig of breek, is (of sy of haar ouers) verantwoordelik vir die vervanging daarvan.
5. Indien 'n leerder NW- of Kunsapparaat (of enige ander GSDP-apparaat) verniel of opsetlik breek, vervang die leerder (of sy of haar ouers) dit.

**BOEKE, SKOOLTASSE EN SKRIFTE**

1. Pas alle boeke mooi op.
2. Werk netjies in skrifte.
3. Leerders moet alle handboeke en skrifte wat hulle verloor, vervang.
4. Trek boeke netjies, met plastiek of "dc fix", oor.
5. Leerders wat afwesig was, moet self agterstallige werk inhaal. (Gr 1 - gr 3: Volgens die onderwyser se opdrag en onder leiding. Die leerders moet die skryfbehoeftes oppas en nie breek nie.)
6. Elke leerder moet 'n stewige boeksak of skooltas besit. Boeksakke of tasse - verkieslik 'n neutrale kleur.
7. Slagspreuke op tasse is verbode.
8. Gr 4 - gr 7: Die leerders voorsien self penne, potlode en ander skryfbehoeftes.
   Gr 1 - gr 3: Ouers is verplig om die skryfbehoeftepakket vir hul kind(ers) aan te koop.

**KLEEDKAMERS**

1. Speel of hardloop in die kleedkamers is verbode.
2. Die kleedkamers is nie 'n kuierplek nie.
3. Leerders mag nie op die toilette klim nie.
4. Gebruik water en toiletpapier spaarsamig. Draai krane deeglik toe.
5. Spoel toilette deeglik na gebruik.
6. Hou die kleedkamer, wasbakke en spieëls netjies en skoon. Moenie rommel op die grond gooi en dit daar laat nie - gebruik die asblik.
7. Rapporteer lekkende krane of nat vloere dadelik aan die administratiewe beampte.
8. Die leerders moet met die lui van die eerste klok, klas toe (na die rye) beweeg.
9. Die leerders moet, met die lui van die tweede klok lui, dadelik klas toe beweeg en nie eers kleedkamers toe nie.
10. Plaas die seep (indien beskikbaar) netjies op die rant van die wasbak.
11. Leerders mag nie met enigiets in die kleedkamer mors nie.
12. Hang die handdoeke netjies op (indien beskikbaar).
13. Indien leerders die kleedkamer beskadig sal die ouers vir die onkoste van die herstel daarvan verantwoordelik gehou word.

**FIETSE**

1. Fietsry op die skoolterrein of kerkterrein is ontoelaatbaar - leerder moet fietse op die terrein stoot.
2. Bêre fietse net in die fietsloods.
3. Sluit die fietse in die fietsloods met 'n ketting aan die raam daarvoor voorsien, vas.
4. Maak die fietsloods van voor na agter vol.
5. Tydens skoolure mag leerders nie in die fietsloods beweeg nie.
6. Leerders mag mekaar nie met fietse op die terrein jaag nie.
7. Leerders mag nie aan die fietse peuter nie (afblaas of beskadiging van bande, ensovoorts).
8. Leerders parkeer hul fietse op eie risiko en die skool is gevrywaar van enige skade en verlies.

~ 'n Leerder wat hierdie oortreding begaan, sal (of sy / haar ouers) die skade daaraan veroorsaak, vergoed.

**KANTOORREëLS**

**Fotostate / "guillotine"**

- Leerders wat persoonlike fotostate wil maak (ook prentjies), moet dit voor of na skool saam met die personeellid doen. Die personeellid kan as alternatief 'n brief saam met die leerder kantoor toe stuur, waarin hy of sy versoek die administratiewe personeel versoek om fotostate te maak.
- Leerders mag nie fotostate laat maak, sonder 'n duidelike opdrag van 'n personeellid nie.
- Leerders mag nie self enige fotostate maak nie.
- Betaal dadelik vir fotostate, nadat dit gemaak is.
- "Guillotine": Leerder mag nie self die "guillotine" gebruik nie.

**Telefoonoproepe**

- Leerder mag nie self hul ouers skakel nie.
- Stuur 'n leerder wat siek is, na die kantoor en versoek die administratiewe beampte om die leerder se ouers te skakel met die versoek om die leerder te kom haal.

**Leerders in die kantoor**

- Leerders mag slegs met 'n goeie rede kantoor toe kom (hetsy om 'n boodskap te bring, siekte, ensovoorts).
- Leerders mag deur die personeelkamer kantoor toe gaan. (Tydens pouse of as 'n vergadering in die personeel-kamer in proses is, maak die leerder van die voordeur gebruik.)

**Siek leerder**

- Indien nodig, sal die administratiewe beampte of personeellid 'n siek leerder se ouers versoek om die leerder by die skool te kom haal.
- Die ouer of voog moet die uittekenregister self voltooi en teken.
- Leerders mag nie self hul ouers skakel met die versoek om hulle te kom haal nie.
- Die personeel mag geen medikasie aan leerders voorsien of toedien, sonder toestemming van die ouers nie.
- 'n Siek leerder wat voorgeskrewe medikasie ontvang, handig die medikasie, saam met 'n skriftelike toestemming dat die registeronderwyser die medikasie mag toedien, by die registeronderwyser in en die leerder moet, op die tyd wanneer hy of sy die medikasie moet inneem, na die registeronderwyser gaan.
- Dit is die leerder of sy of haar ouers se verantwoordelikheid om die medikasie voor die einde van die skooldag by die registeronderwyser te ontvang.

**Leerder wat laat kom**

- Die skool begin daagliks om 07:40 en indien 'n leerder laat kom, moet hy of sy eers by die kantoor aanmeld, voordat hy of sy klas toe gaan.
- Die skool hou in gedagte dat leerders, as gevolg van ongelukke, verkeer en wettige redes, kan laat kom.
- Die hoofde sal die ouers van 'n leerder wat gereeld, sonder rede laat kom, skakel.
- Indien 'n leerder laat kom, moet die leerder buite die klas wag - tot na die opening.

**ALGEMENE VOORKOMS**

**Dogters se hare**

- Hare wat aan die onderkant van die kraag raak, moet vasgemaak wees.
- Die kuif mag nie aan die wenkbroue raak nie.
- Hou hare wat in lae gesny is, met knippies uit die gesig.
- Hare wat in 'n "fontein-poniestert" bo-op die kop vas is, mag nie in die oë hang nie.
- Dogters in skooldrag se hare mag nie los wees nie.
- Slegs rooi, wit, donkerblou, maroen, wynrooi, swart (somer en winter) haarbykomstighede is toelaatbaar.
- Vreemde haarstyle is ontoelaatbaar.
- Gekleurde hare of ligstrepies in hare, is ontoelaatbaar.
- Geen oordadige haarprodukte nie.

**Dogters - wenkbroue / wimpers**:

- Gekleurde wenkbroue en wimpers is ontoelaatbaar.

**Seuns se hare**

- Hare moet kort, netjies en skoon wees.
- Die hare mag nie langer as 4 cm wees nie.
- Vreemde haarstyle is ontoelaatbaar, byvoorbeeld "comb over" en "mullet".
- Gekleurde hare of ligstrepies in hare, is ontoelaatbaar.
- Geen oordadige haarprodukte nie.

**Naels**

- Naels moet kort, netjies en skoon wees.
- Naellak is verbode.
- Kunsnaels is ontoelaatbaar.

**Juwele**

Buiten die volgende, mag leerder geen juwele dra nie

- seëlring (goud en silwer)
- gewone, standaard polshorlosie, sonder aanhangsels
- goud of silwer deursteekoorkrabbetjies - slegs knoppietipe (studs); slegs een oorkrabbetjie per oor is toelaatbaar
- goud of silwer oorringetjies (sonder aanhangsels); grootte: 15 mm of kleiner

**Grimering:** Grimering is verbode.

**Netheid**

- Klere moet skoon, netjies en heel wees.
- Dogters mag rooi of blou "ski-pants" dra - dit mag nie sigbaar wees nie.
- Kledingstukke mag nie sonder knope en some mag nie uit wees nie.

**ALGEMENE OPTREDE VAN LEERDERS**

**Die volgende is ontoelaatbaar**

- opsetlike vertel van leuens, oneerlikheid of verdraaiing van feite
- afknou, boelie, leed aandoen van leerders - hetsy fisies of geestelik
- steel van of peuter aan mede-leerder se eiendom
- beledigende opmerkings of afkeurenswaardige gedrag teenoor personeel, assistente, besoekers of mede-leerders
- wegsteek van mede-leerders se tasse of ander eiendom
- gooi van klippe, skiet van rekkies, "pea shooters", "BB"-guns, ensovoorts
- gebruik van tegnologiese toerusting, bv "i-pods", ensovoorts
- gebruik van spieëls, messe, gevaarlike voorwerpe, ensovoorts
- kou of spoeg van kougom
- vloek
- hande vashou, vryery of klouery aan mekaar, drukkies aan teenoorgestelde geslag, hangery aan 'n personeellid
- enige gedrag wat 'n mede-leerder of ander persoon in gevaar kan stel
- stokkiesdraai
- rook-, drank- of dwelmgebruik
- immorele gedrag, byvoorbeeld Godslastering
- ongewenste boeke en beeldmateriaal, byvoorbeeld pornografie of gevaarlike voorwerpe is ontoelaatbaar
- wys van onaanvaarbare gebare of tekens
- skryf van kru lektuur, briewe of graffiti
- enige kriminele of onderdrukkende gedrag

**Selfone**

GSDP is ‘n selfoonvrye skool.

- Geen leerder mag ‘n selfoon saamneem nie. Indien die kind wel ‘n selfoon saamneem moet dit vir die dag by die kantoor ingehandig word.
- Die leerder kan dit aan die einde van die dag, tussen 13:30 en 14:00 gaan haal.
- Indien die leerder nie die selfoon inhandig nie en dan daarmee uitgevang word, sal die selfoon gekonfiskeer word. Die ouer betaal dan ‘n boete van R200 en kan die selfoon dan terugkry.
- Leerders mag dus onder geen omstandighede tydens skoolure op ‘n selfoon wees nie, bostaande reël sal volg.
- Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige skade aan waardevolle items soos selfone, slimhorlosies en fietse nie.
- Slimhorlosies is nie toelaatbaar nie.

**Verkoop van goedere**

Verkoop van goedere gedurende skooltyd buite die hekke, by die hekke of op die skoolterrein is ontoelaatbaar.

**Huiswerk of afwesigheid**

Alle gr 4- tot gr 7-leerders is self daarvoor verantwoordelik om sy of haar skoolwerk, wat as gevolg van afwesigheid, agterstallig is, in te haal en op datum is.

**GEWONE KLERE**

Die laerskoolhoof laat die aantrek van gewone klere vir spesiale geleenthede toe, maar dit moet betaamlik wees. Nousluitende en deursigtige kleding is ontoelaatbaar.

## RIGLYNE VIR DISSIPLINESTELSEL VIR LAERSKOOL

**INLEIDENDE OPMERKINGS**

1. **Die stelsel het ten doel om:**

- God se wil tot Sy eer te laat geskied
- leerders tot sondebesef en berou te bring
- die skoolgemeenskap en mede-leerders op te bou
- die onderrigsituasie optimaal te bevorder
- ouers betrokke by hulle kinders te laat wees
- insidente wat in die media kan verskyn, te voorkom

2. Die stelsel het nie ten doel om die onderwyser in die proses te straf nie.

Hiermee erken ons dat ons vertroud is met die skoolreëls en dissiplinestelsel en dat ons ons hieraan verbind.

______________________________ ______________________________

**HANDTEKENING VAN OUER / VOOG** **HANDTEKENING VAN LEERDER**

______________________________

**DATUM**